**20 Maart** **Skrifgedeelte: Johannes 14:15-26**
**HK, Vraag 79**

As Jesus die brood "sy liggaam" noem en die beker "sy bloed" en Paulus sê dat dit "die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus" is wil God hê dat ons by die nagmaal die teenwoordigheid van die Here Jesus moet beleef, Hy wat ons verseker dat Hy die offer vir ons gebring het.
Hoe is Jesus teenwoordig by die nagmaal? Hoe verseker Hy ons? Die antwoord word gegee met die woorde "deur die werking van die Heilige Gees …" Die Heilige Gees gebruik die tekens om ons te verseker. Hy beveel ons om aktief aan te neem, te eet en te drink. So doen die Heilige Gees wat Jesus beloof het Hy sal doen. Hy sal by en in ons wees (Joh 14:17). Die Heilige Gees sal ons leer en herinner aan alles wat Hy vir ons gesê het (Joh 14:26). Dit is nie die fisiese brood en wyn wat Jesus by die nagmaal teenwoordig laat wees nie. Brood en wyn is tekens en seëls. Jesus is by ons deur sy Heilige Gees! Die Heilige Gees maak gebruik van middele om ons geloof te versterk, naamlik die Bybel en die sakramente (sien HK 25). Jy kan Jesus ook nie met jou hand en mond aanneem en inneem nie, maar net deur die geloof. Geloof is om te aanvaar wat Hy vir jou deur sy Heilige Gees gee: die belofte van die evangelie!
*Sing: Skrifberyming 8-1:2* *Ds. C Hattingh (Randburg)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~